


'n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling: noodsaaklik, wenslik of onnodig?


Prof. JAE Adendorff

Die Deputate vir Bybelvertaling het in 1994 aan die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerapporteer dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n "brontaalgeoriënteerde Bybelvertaling in moderne Afrikaans" (Jordaan s.j.:47). Op hulle aandrang het die Kerklike Advieskomitee – wat die Bybelgenootskap namens alle kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, adviseer – die Bybelgenootskap in 2004 versoek om 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans voor te berei. Hierdie versoek is in Februarie 2005 deur die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika goedgekeur. In 2006 is met die projek begin (http://www.nuwekerkbybel.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=58&Itemid=66). In die lig van die omstredeheid wat rondom die 1983-vertaling ontstaan het, kan die vraag gevra word (en word dit inderdaad ook gevra) of sodanige nuwe vertaling werklik nodig is.

Een van drie antwoorde kan op die vraag gegee word: 'n nuwe vertaling is óf noodsaaklik óf wenslik óf onnodig. 'n Mens sou die antwoord ook kon gee deur die waarde van 'n nuwe vertaling op 'n kontinuum tussen die twee pole van noodsaaklik en onnodig (met wenslik in die middel) aan te dui.



Die standpunt wat hierdie voordrag wil verdedig, is dat die waarde van 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling iewers tussen wenslik en noodsaaklik lê:



In antwoord op die vraag of 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling absoluut noodsaaklik is, moet nee gesê word. Die bestaan en kwaliteit van twee kerklik gesanksioneerde vertalings, die een meer brontaal georiënteerd en ander meer lesergesoriënteerd, verminder die absolute noodsaak van 'n nuwe vertaling.

In antwoord op die vraag of 'n nuwe Afrikaanse vertaling dan totaal onnodig is, moet egter eweneens nee geantwoord word. Faktore soos die nuwe ontdekkings t.o.v. Bybelse manuskripte, ontwikkeling op die gebied van die Afrikaanse taal en bepaalde tekortkominge in die bestaande vertalings maak 'n nuwe vertaling nie onnodig nie.

'n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling wat die brontekste as uitgangspunt neem en 'n getroue weergawe daarvan is, terwyl dit goed verstaanbaar en in moderne Afrikaans gestel is, is dus uiters wenslik.

Om bg. standpunt te verantwoord, word die volgende punte as motivering aangebied:

1. Vertalings van die Woord van God is eie aan die God-mens verhouding

Sedert die vroegste tye is die Woord van God aan mense in die taal wat hulle kan verstaan, vertaal. 'n Mens kan dit teologies verklaar. God is 'n sprekende God. Hy het die mens geskep na sy beeld met bepaalde kommunikatiewe vermoëns sodat daar gemeenskap tussen God en mens kan plaasvind. Nadat die mensdom in volkere en tale verdeel is, was dit vir God steeds belangrik om met elke volk in sy eie taal te kommunikeer. Dit word deur die gebeure tydens die uitstorting van die Heilige Gees bevestig: Mense uit verskillende taalgroepe hoor elkeen in sy eie taal van die groot daad van God (Hand 2:11).

Bg. teologiese waarheid word reeds deur die groot aantal antieke en middeleeuse vertalings bevestig.

1.1 Antieke vertalings

Die term "antieke vertalings" dui op vertalings van die Bybelse teks wat voor die tyd van die kerklike konsilies, wat in ongeveer 350 n.C. begin het, gemaak is (Geisler & Nix 1986:496). Die Bybelteks is nie net in verskillende tale vertaal nie, maar daar was ook verskillende vertalings binne een taal. In hierdie verband kan na die volgende vertalings verwys word:

1.1.1 Die Aramese vertalings

Dit is vertalings wat na die terugkeer uit die ballingskap nodig geword het omdat baie Jode nie meer Hebreeus verstaan het nie. Tydens die ballingskap het hulle Aramees leer praat en het Hebreeus as spreektaal uitgesterf. So vroeg as die tyd van Nehemía (8:1-8) is die Skrifte in Aramees vertaal. Mettertyd het verskeie vertalings die lig gesien:

- Palestynse Targums
- Babiloniese Targums

1.1.2 Griekse vertalings

- Die Septuaginta
- Die vertaling van Aquila
- Die vertaling van Theodotion
- Die vertaling van Symmachus
- Origenes se Hexapla

1.1.3 Siriese vertalings

- Die Siriese Peshitta
- Die Siries-Hexaplariese vertaling ('n Siriese vertaling van die vyfde kolom van Origenes se Hexapla)
- Die Diatessaron van Tatianus

1.1.4 Koptiese vertalings

- Die Sahidiese vertaling (die Koptiese dialek van suidelike Egipte)
- Die Bohairiese vertaling (die Koptiese dialek van noordelike Egipte)
- Die Middel Egiptiese vertaling

Benewens bg. was daar ook 'n verskeidenheid ander vertalings, onder andere:

- Ethiopiese vertaling
- Gotiese vertaling
- Armeniaanse vertaling
- Georgiense vertaling
- Arabiese vertaling

1.2 Middeleeuse vertalings

Volgens Geisler & Nix (1986:496) verwys hierdie term na vertalings van 350 tot 1400 n.C. Die belangrikste bydrae hier is deur Hiëronimus gelewer met sy vertaling van die Bybel in Latyn, die Vulgaat. Dis egter belangrik om daarop te let dat die Vulgaat deur 'n hele aantal Latynse vertalings voorafgegaan is. Teen die derde eeu n.C. was talle weergawes van die Bybel in Latyn in Noord-Afrika en Europa in omloop. Dit is die Ou Latynse vertalings genoem omdat dit voor 200 n.C. saamgestel is.

Die Vulgaat was die Bybel van die Middeleeue en het ook as basis vir baie ander Bybelvertalings gedien.

2. Die gebruik van meerdere vertalings is eg gereformeerd

In 1546 het die konsilie van Trente die Vulgaat as kanoniek verklaar. Dit het beteken dat daar geen ander vertaling naas die Vulgaat in die kerk gebruik mag word nie. Soos Jordaan (s.j.:28) dit stel: "Die gedagte dat die kerke van slegs een vertaling van die Bybel mag gebruik maak, het dus sy wortels by Rome!"

Wat was die situasie daarteenoor in die Protestantse wêreld, en met name in die gereformeerde protestantisme? Een van die uitstaande kenmerke van die Reformasie was dat die Bybel in die moedertaal van die kerkvolk vertaal is. So het daar in Duitsland reeds 'n Duitse vertaling bestaan in die tyd van Luther. Desnieteenstaande het hy tydens sy verblyf in die Wartburg begin om die Nuwe Testament opnuut in Duits te vertaal. Die Ou Testament het later gevolg en in 1546 was sy Duitse vertaling voltooi.

Calvyn het ook sy eie vertaling in Frans gemaak. Ons vind sy vertaling vandag in sy kommentare. Hy het tydens sy preke ook direk uit die Hebreeuse Ou Testament of Griekse Nuwe Testament gepreek, wat hy vir die gemeente vertaal en uitgelê het (Parker 2006:119).

In die Engelse gereformeerde wêreld was daar 'n oorvloed van vertalings. Hier kan verwys word na die vertalings van John Wycliffe (1320-1384), John Purvey (1354-1428), William Tyndale (1492-1536), Miles Coverdale (1488-1569), Thomas Matthew (1500-1555) en Richard Taverner (1505-1575). Van besondere belang was die "Geneva Bible" wat in Genève deur 'n groep Protestantse Engelse vlugtelinge o.l.v. John Knox in 1560 voltooi is. Hierdie Bybelvertalings het almal die King James Version van 1611 voorafgegaan.

Dit is dus duidelik dat gereformeerdes met vrymoedigheid van 'n wye aantal vertalings gebruik gemaak het, teenoor die Rooms-Katolieke Kerk wat één vertaling gekanoniseer en daarmee alle ander vertalings uit die kerklike gebruik geweer het. Dit is in lyn met die gereformeerde oortuiging dat die Bybele alleen en volledig die Woord van God is en daarom die hoogste norm vir die geloof en lewe van die kerk. Omdat die priesterskap van die gelowige ook so sterk beklemtoon is, was dit noodsaaklik dat die gelowige self die Bybel in sy eie taal moet kan lees. Die klem was op die verstaanbaarheid van die Woord en daarom is meerdere vertalings binne een taal nooit 'n probleem gewees nie, aangesien dit die beter verstaan gedien het.

In die lig van bg. moet kommer uitgespreek word oor 'n neiging in Afrikaanse kringe om één Afrikaanse vertaling te kanoniseer as die enigste Woord van God en ander Afrikaanse vertalings te verketter en selfs as van die duiwel te beskou. Dit is 'n Roomse tendens wat weerstaan moet word. Soos Jordaan (s.j.:30) daarop wys, moet by elke vertaling die toets aangelê word of dit die oorspronklike getrou weergee: "*Elke vertaling is gesagvolle Kanon in soverre as wat dit die oorspronklike korrek weergee.*" In die mate wat dit die toets slaag, geld 'n vertalings dus as gesagvolle Woord van God en kan dit met vrymoedigheid gebruik word.

3. Tekortkominge in bestaande amptelike Afrikaanse vertalings vra om hersienings

Met “amptelike” vertalings word bedoel die vertalings wat deur die Bybelgenootskap geïnisieer is en waaraan meerdere Afrikaanse kerkverbande amptelik deelgeneem het. Die vertaling is dus deur ‘n span vertalers gedoen wat mekaar gekontroleer het. Die vertaalwerk is ook deur taal- en kerklike reviseurs beoordeel. Die vertaling is uiteindelik amptelik deur kerkvergaderings goedgekeur. Ons kan ook praat van kerklik gesanksioneerde vertalings. Met hierdie omskrywing as uitgangspunt is daar in die Afrikaanse wêreld net twee vertalings wat in oënskou geneem moet word, te wete die 1933/53 en die 1983 vertalings.

3.1 Die 1933/53-vertaling

3.1.1 Kort historiese oorsig

Die geskiedenis van die 1933/53 Afrikaanse vertaling is baie insiggewend met feite wat die gemiddelde Afrikaanse Bybelleser niks van weet nie. Verskeie bronne het die historiese verloop goed gedokumenteer en is die moeite werd om gelees te word (vgl. die Bronnelys). Een ding word by die lees van die geskiedenis gou duidelik: Die worstelstryd om ‘n Afrikaanse Bybelvertaling is ten nouste aan die wordingstryd van die Afrikaanse taal verbonde.

Die gedagte aan ‘n Afrikaanse Bybelvertaling is eerste uitgespreek deur dr Arnoldus Pannevis, ‘n Nederlandse onderwyser aan die Paarlse Gimnasium. In ‘n brief aan De Zuid-Afrikaan op 7 September 1872 pleit hy vir sodanige vertaling. Hy sê onder meer: “In den laatsten tyd heb ik door verscheidene waardige onderwyzers, die met den verstandelyken toestand van het eenvoudiger gedeelte der bevolking goed bekend zyn, hooren spreken van de nuttigheid, ja, noodzakelykheid, van ‘een Bybel, of Nieuwe Testament, in het Afrikaansch-Hollandsch” (Nienaber 1934:16). Hy was veral van oordeel dat so ‘n vertaling die kleurlingbevolking ten goede sal kom. Die gedagte van Pannevis het negatiewe reaksie tot gevolg gehad. ‘n Afrikaanse vertaling vir die kleurlinge kon nog aanvaar word, maar “die oorsetting ten behoeve van die Afrikaanse gemeenskap (is eenparig) van die hand gewys as ‘n onbesonnenheid, of, by die minder uitgesprokenes, as ‘n onnodigheid. Afrikaans was nog “plat”-Hollands, veels te plat om die verhewenheid van Gods-Woord te laat skade ly deur ‘n vertaling” (Nienaber 1934:17).

In die jare ná Pannevis se brief het die pendulum van oordeel oor ‘n Afrikaanse vertaling tussen die pole “noodsaaklik” en “onnodig” geswaai. CP Hoogenhout het Pannevis ondersteun en selfs sy hand gewaag aan die vertaling van Matt 28 in Afrikaans. Later het die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) tot stand gekom met die begeerte om die Bybel in die volkstaal te kry. Talle kerkleiers en sinodale vergaderings het hulle egter téén die gedagte uitgespreek. Nadat Afrikaans egter in 1914 ‘n plek in die skool verower het, was dit duidelik dat dit moeilik as kanseltaal geweer sou kon word. Vanaf 1914 tot 1919 het talle kerklike vergaderings hulle positief oor ‘n Bybelvertaling uitgespreek en is vanuit die susterskerke persone op ‘n vertalingskommissie benoem.

Oor die basis van die vertaling was daar nie eenstemmigheid nie. Aanvanklik is geoordeel dat die vertaling ‘n verafrikaansing van die Nederlandse Statevertaling moes wees – “‘n Afrikaanse Statebijbel” soos dr. JD du Toit dit gestel het. Dr. HCM Fourie het uit die vertalingskommissie bedank omdat hy nie daarmee saamgestem het nie. Later het dit egter geblyk dat ‘n oorsetting van die Statebybel in Afrikaans nie die beste metode was nie. In Julie 1923 is besluit om uit die grondtale te vertaal, maar tog die Statevertaling so naby moontlik te volg (vgl. Nienaber 1934:119). Volgens Helberg (1986:36) is die Kittel uitgawe van die Hebreeuse teks en die Nestle weergawe van die Griekse teks (die sg. *Textus Receptus*) gebruik.

Die vertalingsfilosofie is duidelik deur dr JD du Toit in sy verslag aan die Breë Kommissie verwoord: “By die vertaling van die Heilige Skrif moet soveel moontlik met die Statevertaling

rekening gehou word. ... Die Statevertalers het hulle aangesluit by 'de manieren van spreken der Hebreëuwen en Grieken.' In hoofsaak moet van hierdie stelreël nie afgewyk word nie, omdat nie 'n vrye of kunsvertaling nie, maar soveel moontlik 'n letterlike oorsetting van die Heilige Skrif verlang word" (Nienaber 1934:122). Dit is dus duidelik dat die vertalers 'n brongeorïenteerde, letterlike vertaling in die oog gehad het.

Die werkswyse wat die vertalers gevolg het was om elkeen op sy eie die vertaalwerk te doen, dit dan aan die sekretaris, mnr LJ du Plessis, te stuur, wat dit getik en weer aan die vertalers voorgelê het vir wysigings. Dan is dit weer oorgetik en aan die taaladviseurs en kerklike reviseurs voorgelê. By geleentheid het die vertalers 'n volle vergadering gehou om die vertaling van bepaalde gedeeltes hulle finale beslag te laat kry.

Na moeisame arbeid van etlike jare is die persklaar handskrifte na Engeland versend om deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gedruk te word. Op 29 Mei 1933 het die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel met die Carnarvon Castle in Kaapstad aangekom. Op Sondag 27 Augustus 1933 is die Afrikaanse Bybel landswyd feestelik in gebruik geneem. Diepe dankbaarheid het van die Afrikaanse volk besit geneem. En sedertdien het prof. dr. DF Malherbe se wens, destyds uitgespreek, waar geword: "Mag die Afrikaanse Bybel net so 'n kragbron wees, 'n nasionale skat en rigsnoer vir die toekomstige Afrikaanssprekende mensdom, as wat die Nederlandse Bybel was met sy vormende invloed op die nasie" (Nienaber 1934:198).

In April 1934 het die vertalers op Potchefstroom bymekaargekom om met die hersiening van die Afrikaanse Bybel te begin. Aanvanklik is gedink dat die hersiening binne drie jaar voltooi sou wees. Dit het egter 20 jaar geduur voordat die hersiene uitgawe in 1953 verskyn het.

By al ons liefde en waardering vir die eerste Afrikaanse Bybel, soos dit in 1933 in gebruik geneem en in 1953 hersien is, mag ons nie ons oë sluit vir tekortkominge in dié vertaling nie.

3.1.2 Tekortkominge

Die doel van hierdie bespreking van die 1933/53 vertaling se tekortkominge is nie om dit af te kraak as 'n onbruikbare vertaling of verdag te maak as 'n foutiewe vertaling nie. Dit is nie een van die twee nie. Intendeel, as ideolektiese vertaling is dit van hoogstaande gehalte. Die waarde wat die vertaling vir ons Afrikaanse volk deur die loop van die moeilike jare sedert 1933 gehad het, kan ook nie bereken word nie. Nee, die doel van die bespreking is om die wenslikheid van 'n nuwe konkordante of brongeorïenteerde vertaling te motiveer.

3.1.2.1 Moeilike sinskonstruksies

Omdat die vertalers gepoog het om die Hebreëuse en Griekse segswyse te behou, is sekere sinskonstruksies vir die Afrikaanse oor moeilik en ingewikkeld. 'n Mens hoef net bv. die lang sinne in van Paulus se briewe te lees om dit te bevestig. Vergelyk bv. Titus 1:1-3 waar 'n opeenstapeling van gedagtes is wat jou verstand laat duisel. Of dink aan Ef 1 waar een sin strek van vers 3 tot 6, nog 'n sin van vers 7 tot 14 en 'n derde van vers 15 tot 21!

3.1.2.2 Argaïese woordgebruik

Omdat taal ontwikkel, beteken dit dat sekere woorde uit die algemene spreektaal verdwyn en dus as argaïes beskou word. Mense hoor dit vandag meesal net in kerkverbande wat nog die 1933/53 vertaling gebruik. Die diepe betekenis van die Hebreëuse woorde word egter vir die moderne Afrikaanssprekende deur die vertaling verduister. Enkele voorbeelde wat hier genoem kan word, is:

- “Goedertierenheid” (bv. Gén 24:27, ens.). Dit is die vertaling van die Hebreeuse woord חַסְדִּים wat, wanneer dit i.v.m. God gebruik word, dui op God se genade en verbondstrou.
- “Welgeluksalig” (bv. Ps 1:1). Dié vertaling van die Hebreeuse woord אֲשֶׁר־הוּא het al tot onsinne aanleiding gegee, soos bv. die prediker wat beweer het die mens wat wel is, is gelukkig; en wie gelukkig is, is salig. Ander sien daarin ‘n driemaal gelukkige mens. Die Hebreeus beteken gewoon “geseënd”, soos ook deur die Engelse vertaling “blessed” weergegee word.
- “Verwulf” (Eség 16:24, 31, 39). Die Hebreeuse woord בַּב dui in hierdie verband op een of ander struktuur wat vir die aanbidding van afgode opgerig is. Sommige Engelse vertalings vertaal dit met “shrine”.
- “Geswagtel” (Eség 30:21). Die woord הַבְּשֵׁה in die Hebreeuse teks beteken eenvoudig “verbind”.

3.1.2.3 Onverstaanbare vertalings

Sekere Skrifgedeeltes gee die vertaler hoofbrekens. Dikwels het hy te doen met ‘n teks wat in die oorspronklike taal nie duidelik is nie omdat dit vanweë oorskryffoute onverstaanbaar is. Die vertalers van die 1933/53 vertaling het dit blykbaar so direk moontlik vertaal. Die gevolg is Skrifgedeeltes wat vir die Afrikaanse leser doodgewoon net nie sin maak nie. Om twee voorbeelde te noem:

- Ps 36:2-3

“In die binneste van my hart sê die oortreding aangaande die goddelose:
Daar is geen vrees van God voor sy oë nie. Want dit vlei hom in sy oë in verband met die uitvind en haat van sy skuld.”

- Eségiël 21:10b

“(Of moet ons bly wees deur te sê: Die septer van my seun verag elke hout?)”

Met die ontdekking van meerdere manuskripte en op grond van verdere ontwikkeling in kennis van die Hebreeuse taal is dit vir die vertaler moontlik om ‘n rekonstruksie van die teks te maak sodat dit vir die Afrikaanse leser duideliker is. Die New King James Version, wat so veel moontlik van die King James Version wou behou terwyl dit tog die Engels op datum wou bring, vertaal bv. Ps 36:2-3 só:

“An oracle within my heart concerning the transgression of the wicked:

There is no fear of God before his eyes.

- ² For he flatters himself in his own eyes,
When he finds out his iniquity *and* when he hates.”

En Eségiël 21:10b:

“It despises the scepter of My son,
As it does all wood.”

3.1.2.4 Onduidelike vertalings

In die 1933/53 Afrikaanse Bybel vind ons in bepaalde verse 'n vertaling van die term "gees" met 'n kleinletter waar dit volgens die eksegetiese op niks ander as die Heilige Gees kan dui nie.

- 1 Kor 2:3-4: "Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; en my rede en my prediking was nie in ooredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag ..."

Paulus redeneer hier dat hy nie soos die rondtrekkende wysgere die gelowiges in Korinthe met sy oortuigende redevoering tot die Christelike geloof oorgehaal het nie, maar deur die kragvolle werking van die Heilige Gees. Thiselton (2000:222) haal vir Collins in dié verband aan: "Collins comments, 'The Spirit is the powerful rhetor; Paul is but the spokesperson.... **Spirit and Power** ... is a classic Pauline hendiadys.... The exegetical **and power** identifies the **Spirit** as the powerful **Spirit** of God.'" Walvoord en Zuck (1983:510) stem saam: "Faith, then, was induced by a **demonstration of the Spirit's power** and was not a product of human ingenuity or rhetorical flourish." Dis nie duidelik waarom die 1933/53-vertalers "gees" hier met kleinletters aangedui het nie. Die 1983-vertaling stel dit meer korrek: "Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees."

- Ef 1:3: "Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus ..."

In Ef 1:3-14, een lang ingewikkelde sin in die Grieks, maak Paulus 'n doelbewuste verwysing na die Drie-eenheid. Hy loof God vir die seëninge wat die gelowiges ontvang het. Hierdie seëninge het hulle oorsprong by God die Vader. Die gelowiges ontvang die seëninge in Christus, d.w.s. op grond van hulle eenheid met Hom. Hierdie seëninge word die gelowiges se deel deur die Heilige Gees. Hy pas die werk van Christus immers toe in ons harte. Die seëninge is dus nie net van 'n geestelike aard in teenstelling met seëninge van 'n fisiese aard nie. Dis seëninge van die Heilige Gees. In die res van die gedeelte word hierdie verwysing na die Drie-eenheid voortgesit: Die gelowiges is uitverkies deur die Vader en voorbeskik om sy kinders te wees (Ef 1:4-5). In Christus het die gelowiges die verlossing deur sy bloed (Ef 1:7). Die gelowiges is met die Heilige Gees van die belofte verseël (Ef 1:13). Miskien sou 'n vertaling wat bg. gedagte duidelik gemaak het, beter gewees het. Die 1983-vertaling stel dit soos volg: "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is."

Verder is daar bepaalde verse wat 'n gebruik in die oudheid as agtergrond het waarmee die moderne leser nie vertrou is nie. Die letterlike vertaling help ook nie om dit enigszins verstaanbaar te maak nie.

- Jer 48:11

"Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie."

Die agtergrond is die wynmaakproses, waar die gefermenteerde druiwesap van die oorspronklike vat waarin dit gefermenteer het, in 'n vars een oorgegooi moes word. Dit het ook behels dat die afsaksel uitgeskep moes word sodat die fermentasieproses voltooi kon word en die wyn in die ondergrondse kelders kon

verouder. Wynkelders van hierdie aard is in Gibeon en Tell Qasileh ontdek (Walton et al 2000:680).

Die 1983-vertaling het dit só vertaal:

“Moab sit van sy jeug af rustig, so ongestoord soos wyn op sy afsaksel, wyn wat nie van een kruik in ‘n ander oorgegooi is nie. Hy is nooit in ballingskap weggevoer nie; sy smaak het dieselfde gebly, sy geur het nie verander nie.”

3.2 Die 1983-vertaling

3.2.1 Uitgangspunt van die vertaling

Die nuwe vertaling van die Bybel het in 1983 verskyn en word deur die Bygelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer. Die eindredaksie van hierdie vertaling was prof. E. P. Groenewald, J. P. Oberholzer, A. H. Van Zyl, P. A. Verhoef, J. L. Helberg en W. Kempen. In die voorwoord word die doel van die vertaling weergegee: Om ‘n vertaling daar te stel wat “met die ontwikkeling in Afrikaans die afgelope jare en met die resultate van wetenskaplike ondersoek” rekening hou, wat “so getrou as moontlik aan die grondteks bly” en wat ‘n vertaling sal wees “waardeur Afrikaanssprekendes aangespreek” sal word. Hierdie opskrifgestelde vertalingsfilosofie stempel die 1983-vertaling tot ‘n dinamies-ekwivalente of meer lesergeoriënteerde vertaling.

3.1.2 Tekortkominge

Die tekortkominge van die 1983-vertaling is vir lidmate van die AP kerkverband só bekend dat daar in hierdie lesing nie in groot besonderhede daarop ingegaan word nie. Slegs enkele sake word genoem:

- Enige dinamies-ekwivalente vertaling bevat ‘n meerdere of mindere mate van interpretasie. Dit is immers bedoel vir mense wat die Bybel met gemak wil lees. Alhoewel geen vertaling sonder ‘n mate van interpretasie gedoen kan word nie, is dit in die geval van ‘n lesergeoriënteerde vertaling méér so, tot op ‘n punt waar dit vir konserwatiewe lesers onaanvaarbaar is. Die groot probleem met die 1983-vertaling vir die AP kerkverband is dat dit ‘n verklarende vertaling is wat hom minder geskik maak as basisvertaling vir die ernstige Bybelstudent.
- Vir baie lidmate van die AP kerkverband is die weglating van hoofletters by profesieë in die Ou Testament wat spesifiek en meer direk Messiaansgeoriënteerd is, ‘n groot struikelblok in die aanvaarding van die vertaling.
- Die Verbondsnaam van God, JHWH, is wegvertaal. In die 1933/53-vertaling is dit met “HERE” weergegee, ‘n vertaling van die *khetiv*-lesing. Die 1983-vertaling het dit gewoon “Here” vertaal, wat ‘n vertaling van die *qere*-lesing is.
- ‘n Verdere probleem is dat die 1983-vertaling sekere Skriftuurlike heilsbegrippe wegvertaal het. Dit het tot gevolg dat die bewoording van die belydenisskrifte en die Bybeltaal nie meer by mekaar pas nie. ‘n Voorbeeld: In die Heidelbergse Kategismus, v/a 16 word verwys na die “geregtigheid” van God wat eis dat die menslike natuur gestraf word. Een van die teksverwysings is Rom 5:18:

“Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.”

In die 1983-vertaling lees dié vers egter só:

“Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal.”

Verder is daar die probleem dat die slot van die Ons Vader-gebed in die HK, v/a 119 en 128 bespreek word, terwyl dit in die 1983-vertaling op grond van die gebruikte grondteks weggelaat word.

- Soos met enige vertaling die geval is, is daar in die 1983-vertaling sekere gedeeltes wat nie ‘n goeie vertaling is nie. Gén 2:18 is ‘n goeie voorbeeld. Die 1933/53-vertaling stel dit só:

“Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n hulp maak wat by hom pas.”

Die 1983-vertaling het ‘n ander weg met die vertaling opgegaan:

“Verder het die Here God gesê: ‘Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.’”

Die Hebreeus (כְּנִיּוּתוֹ) kan letterlik vertaal word met “wat voor hom is/wat teenoor hom staan” (Duits: “wie ihm gegenüber, d.h. ihm entsprechend”; Engels: “as in front of him, i.e. corresponding to him”; vgl Gispén 1974:124). Die vrou is in ‘n sekere sin die spieëlbeeld van die man (iemand soos hy), maar meer as dit: Die klem lê op die feit dat man en vrou mekaar aanvul, by mekaar pas. Soos Walvoord en Zuck (1983:31) dit stel: “But what man lacked (his aloneness was not good) she supplied, and what she lacked he supplied.” Of in Reyburn en Fry (1997:71) se woorde: “The sense is ‘suitable for him, adequate for him’ ...” Die term “sy gelyke” is in die atmosfeer van die geslagstryd ‘n gelaaide begrip wat nie reg laat geskied aan die feit dat man en vrou mekaar in hulle eiesoortigheid aanvul nie.

In die lig van bg. het die AP kerkverband ‘n duidelike en goeie standpunt oor die 1983-vertaling ingeneem. Dit is nie die kerkverband se amptelike vertaling nie, maar kan, net soos ander vertalings, as toeligting gebruik word om die Bybels-gereformeerde betekenis uit te lig en te beklemtoon.

4. Voortgaande ontwikkeling van die Afrikaanse taal maak ‘n nuwe vertaling wenslik

Afrikaans is ‘n lewende taal. Dit is voortdurend aan die ontwikkel. Nie net word nuwe woorde geskep nie, maar taal- en spelreëls is aan verandering onderworpe. Dit het die vertalers van die 1933 Afrikaanse Bybel ook besef. Daarom het hulle direk na afhandeling van die vertaalwerk ‘n hersiening in die vooruitsig gestel. Trouens, die spelling van woorde het selfs gedurende die tyd wat die afrondingswerk aan die vertaling aan die gang was, verander. Hierdie veranderings kon nie betyds in die vertaling verreken word nie. In ‘n verslag aan die Algemene Kommissie vir Bybelvertaling word hierdie stand van sake só verduidelik: “Aangesien die proeflesing so lank geduur het (vanaf Augustus 1931 tot Maart 1933) en daar elke keer van elke ongeveer 200 bladsye afgietsels moes gemaak word (wat beswaarlik verdere korreksies gedoog het) is enkele ... oneffenhede nie verwyder nie” (Oberholster 1958:84).

Die destydse Administrateur van Kaapland, mnr. JH Conradie, het so vroeg as 14 Mei 1933 reeds ‘n hersiening bepleit: “Hy het die verwagting uitgespreek dat die teenswoordige uitgawe van die Bybel oor nie alte lang tyd enige verandering sal ondergaan. Ons taal het

nog nie in al sy dele 'n vaste vorm gekry nie en is meer dan die ouere tale aan verandering onderhewig. Die taal van die Bybel sal hiermee rekening moet hou, want dit sal so 'n onhoudbare toestand wees dat die kinders in die skole een taalvorm sou leer, en 'n ander in die Bybel sou vind" (Oberholster 1958:86).

Die ontwikkeling van die Afrikaanse taal sedert 1933 en 1953 was sodanig dat Conradie se waarskuwing aangaande "'n onhoudbare toestand" vandag net so geldig is as destyds. Trouens, vir menige Afrikaanse jongmens is die 1933/53-vertaling 'n vreemde land. Die gevaar bestaan dat die 1933/53-vertaling vir baie Afrikaanssprekendes net so onverstaanbaar kan wees soos die Vulgaat vir die kerkvolk in die tyd van die Reformasie.

Dit gebeur telkens dat 'n predikant in sy prediking eers tyd moet bestee om die vertaling te verduidelik voordat hy met die preek kan aangaan. Dan word die uitdrukking: "Die nuwe vertaling stel dit só ..." of "Die Hebreeuse/Griekse woord(e) beteken ..." meermale gehoor. 'n Nuwe brontekstgeoriënteerde Afrikaanse vertaling sal baie help om dit te voorkom.

5. Die ontdekking van Bybelse manuskripte bevorder die kennis van die grondteks

Sedert die uitgawe van die 1933 Afrikaanse vertaling is Bybelse manuskripte by die Dooie See en ander plekke in Israel en elders ontdek wat geleerdes se verstaan van die Hebreeuse en Griekse tekste grootliks bevorder het. Selfs na die afhandeling van die 1953-hersiening is nog manuskripte ontdek (bv. die Masada-manuskripte in 1963-65). Voeg daarby die feit dat die publikasie van die Dooie See manuskripte vandag nog nie afgehandel is nie en dat die bestudering daarvan 'n voortgaande taak is.

Die strewe om deur tekskritiese arbeid so na as moontlik aan die Ou en Nuwe Testament se oorspronklike tekste te kom, het met hierdie ontdekkings 'n groot hupstoot gekry. Manuskripte wat 1000 jaar ouer as die Masoretiese teks is het lg. teks as 'n betroubare getuie van die oorspronklike teks bevestig. Wat die Griekse Nuwe Testament aan betref is die Meerderheidstekes sowel die kritiese teks van Nestle-Alland/UBS deur die ontdekkings verryk.

6. Nuwe argeologiese opgrawings werp nuwe lig op woorde en uitdrukkings

Nuwe argeologiese vondse werp dikwels groter lig op die leefwyse van die mense in Bybelse tye. Dit vermeerder ons kennis aangaande vergange beskawings en tale wat uitgestorwe is. Hierdie kennis help op sy beurt om woorde en uitdrukkings wat in die Hebreeuse of Griekse taal voorkom, meer verstaanbaar te maak en 'n beter vertaling in die hand te werk.

Om een voorbeeld te noem: In 1975 is 17 000 kleitablette in Sirië by Tel Mardikh gevind. Die ontsyfering van die tablette het getoon dat daar 4 500 jaar gelede 'n florerende Eblaïetiese ryk in Sirië bestaan het. Eeue vóór die leeftyd van die aartsvaders was daar dus 'n beskawing wat daaropvolgende samelewings sou beïnvloed. 'n Vergelyking van hierdie Eblaïetiese tekste met Hebreeuse poëtiese tekste kan volgens Price (1997:85) lig werp op Bybelse poësie en help met geleerdes se vrae aangaande Hebreeuse woordbetekenisse en grammatika.

7. Die besluite van die AP kerkverband maak ruimte vir 'n nuwe vertaling

Op die eerste sinodale vergadering van die AP kerkverband het die sake rondom Bybelvertaling waaroor in die loop van die tyd ernstige meningsverskil sou ontstaan, hulle al aangekondig (Handelinge 1987:46):

68.2.1 Die Sinode neem kennis van die feit dat die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling se taalgebruik by lidmate ongelukkigheid veroorsaak.

68.2.2 Die Sinode neem kennis daarvan dat die vertaalmetode nie oral aanvaarbaar gevind word nie.

68.2.3 Die Sinode neem kennis daarvan dat daar probleme is rondom die gebruik van manuskripte in die samestelling van 'n teks as basis vir vertaling.

Bg. besluite is met 'n volgende aangevul, naamlik dat 'n studiekommissie oor Bybelvertaling aangewys moet word bestaande uit alle leraars van die APK "om die besware teen die verskillende Afrikaanse vertalings indringend te ondersoek, getuienis in te win en verslag te doen aan die volgende Sinode" (Handelinge 1987:46). Hierdie ondersoek het in 1989 tot die volgende besluite rondom die gebruik van bestaande Bybelvertalings aanleiding gegee (Handelinge 1989:446):

2.1 Die Sinode is oortuig dat 'n Kerk se roeping om die Woord van God te verkondig, aan so 'n Kerk ook die verantwoordelikheid oplê om hom voortdurend te beywer vir die juisste grondteks en die juisste vertaling van die teks in die moedertaal.

2.2 Die Sinode getuig dat die AP Kerk sy roeping gehoorsaam wil wees en sy verantwoordelikheid wil opneem.

2.3.1 Die Sinode beskou die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel (1933) en sy hersiene vertaling (1953), ofskoon vatbaar vir verbetering, steeds as 'n betroubare weergawe van God se geïnspireerde Woord.

2.3.2 Die Sinode neem kennis dat die nuwe Afrikaanse vertaling (1983), hoewel deur vele aanvaar, tog ook vir vele omstrede bly, veral ten opsigte van die vasstelling van die bronteks en die vertaalmetode.

2.3.3 Die Sinode besluit dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) (NAV) by Woordverkondiging ter toeligting gebruik mag word; dat lidmate wat die NAV wil lees, aangeraai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees.

Sedert hierdie vroeë dae in die kerkverband se bestaan het die saak van Bybelvertaling vir menige lewendige debat op sinodes gesorg. Op bykans elke sinode het dit aan die orde gekom. Nie net die dinamies-ekwivalente vertaalmetode nie, maar ook die bronteks van veral die Nuwe Testament is erg omstrede: Sommige lidmate en ampsdraers wil net die sg. *Textus Receptus* as bronteks erken, ander beskou die Nestlé-Aland (27e uitgawe) en UBS (4de uitgawe) as die beste bronteks, terwyl 'n derde groep die sg. Meerderheidstekste en die Nestlé-Aland/UBS tekste naas mekaar as brontekste wil handhaaf.

Wat die brontekste aan betref, het die Sinode 2004 'n rigtinggewende besluit geneem:

4.3.1.1.1 Die Sinode aanvaar dat, wat die teks van die Ou Testament betref, enige vertaling daaraan beoordeel moet word of dit die Codex Leningradensis soos in Biblia Hebraica Stuttgartensis (1977) gedruk, op 'n verantwoordelike tekskritiese wyse as bronteks gebruik het.

4.3.1.2.1 Die Sinode aanvaar, dat wat die teks van die Nuwe Testament betref, enige vertaling daaraan beoordeel moet word of dit die beste

saamgestelde bronteks bevat en of daar op 'n verantwoordelike tekskritiese wyse met die bronteks omgegaan is. Objektief geoordeel, moet die sogenaamde standaardteks, soos gevind in die 3de uitgawe van The Greek New Testament (wat dieselfde as die 26ste uitgawe van die Nestle-Aland is) met sy tekskritiese apparaat, in hierdie stadium as die beste bronteks vir vertalingdoeleindes beskou word.

Wat die amptelike Bybelvertaling aan betref, is die besluit van die AP kerkverband duidelik: In die AP Kerk moet die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik word; en enige vertaling mag ter toeligting gebruik word om die Bybels-gereformeerde betekenis uit te lig en te beklemtoon.

Beteken dit dat die AP kerkverband negatief teenoor enige toekomstige Afrikaanse Bybelvertaling staan? Helder sinodale besluite beklemtoon die openheid vir 'n nuwe vertaling, mits dit aan bepaalde vereistes beantwoord. So erken die Sinode 2004 dat "die taal van 'n volk 'n lewende en dinamiese verskynsel is, daarom verouder Bybelvertalings mettertyd en vereis dit nuwe vertalings" (Handelinge 2004:391). Die vereistes waaraan so 'n vertaling moet voldoen, word duidelik uitgespel:

4.3.2.1 Die Sinode aanvaar as riglyne vir vertaalmetodes:

- a) Alle vertalings moet as mensewerk beskou word en daarom mag geen vertaling as volmaak beskou word nie.*
- b) 'n Vertaler moet probeer om die betekenis van die oorspronklike geskrif so duidelik as moontlik weer te gee.*
- c) 'n Vertaler moet so letterlik as moontlik vertaal en so naby as moontlik by die oorspronklike uitdrukkingswyse aansluit. Hy moet hom dus allereers afvra wat die eerste lesers daaronder verstaan het.*
- d) Die ganbare, Afrikaanse uitdrukkings moet gebruik word, sonder om plat te wees.*
- e) Metafore moet vertolk word, d.i. die betekenis moet verduidelik word.*
- f) Betekenisse moet uitgebring word.*
- g) 'n Waardige en eenvoudige styl is van die allergrootste belang. Die vertaling moet die taal praat van die mense vir wie dit bedoel is.*
- h) Woorde met 'n ongewenste betekenis behoort tot elke prys vermy te word.*
- i) Daar behoort meegewerk te word aan 'n vertaling wat brongeörienteerd, maar ook so verstaanbaar as moontlik is.*

Vir die Sinode 2004 was dit ook belangrik dat die eenheid van die Ou en Nuwe Testament en die ontvouende verlossingsplan van God wat sy vervulling in die koms, lyding en opstanding van Christus vind, in die vertaling eerbiedig moet word. Daarom is besluit (Handelinge 2004:439):

... om die gees van die vorige Sinodebesluite te handhaaf en te bevestig ten opsigte van die Messiaanse gedeeltes in die OT en die gebruik van die hoofletters in die OT.

Die Sinode bevestig opnuut sy standpunt teen die nuwe stroming in die Gereformeerde wêreld om Christus uit die OT te vertaal deur middel van die gebruik van kleinletters en die teksgedeeltes wat direk na Hom verwys.

Die Sinode behou hom die reg voor om ná die verskyning van die Nuwe Bybelvertaling te oordeel of die wyse waarop die relevante tekste vertaal is, binne ons Skrifbeskouing val.

Met bg. besluite het die AP kerkverband via sy sinodale vergaderings die deur vir 'n moontlike nuwe, brongeoriënteerde Afrikaanse Bybelvertaling oopgemaak. Die Bybelgenootskap het die deur selfs wyer oopgemaak met hulle besluit om op aandrang van die AP kerkverband 'n uitgawe van die beoogde nuwe vertaling uit te gee waar van hoofletters gebruik gemaak sal word t.o.v. teksgedeeltes in die Ou Testament waar daar 'n direkte verwysing na Christus is.

Ten slotte

Die werk aan 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling moet ons nie bekommerd maak dat daar 'n verskuilde agenda agter die vertaling lê of dat 'n nuwe vertaling net verdere onrus in die kerk gaan saai nie. Alhoewel 'n nuwe vertaling nie absoluut noodsaaklik is nie, is dit ook nie heeltemal onnodig nie. 'n Brongeoriënteerde vertaling volgens die formele gelykheidsmetode (ook letterlike metode genoem) kan in diens van meerdere Bybelkennis staan en is daarom uiters gewens.

Bronnelys

Geisler, NL en Nix, WE 1986. *A general introduction to the Bible*. Revised and expanded. Chicago: Moody Press

Gispen WH 1974. *Genesis*. COT. Kampen:Kok.

Helberg, JL 1986. *Lig op die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jordaan, GJC s.j. *Bybelvertaling*. 'n Lesing gelewer by die Werkgemeenskap vir Kerkreformasie.

Nienaber, PJ 1934. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Oberholster, JAS 1958. *Die Bybel in Afrikaans*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Parker, THL 2006. *John Calvin. A biography*. Oxford: Lion.

Reyburn, W. D., & Fry, E. M. (1997). *A handbook on Genesis*. UBS handbook series. New York: United Bible Societies.

Price, R 1997. *The stones cry out. What archeology reveals about the truth of the Bible*. Eugene: Harvest House Publishers.

Thiselton, A. C. (2000). *The First Epistle to the Corinthians : A commentary on the Greek text (222)*. Grand Rapids, Mich.: W.B. Eerdmans.

Walton, JH et al 2000. *The IVP Bible background commentary. Old Testament*. Downers Grove: IVP Academic.

Walvoord, J. F., Zuck, R. B., & Dallas Theological Seminary. (1983-c1985). *The Bible knowledge commentary : An exposition of the scriptures* (2:510). Wheaton, IL: Victor Books.

http://www.nuwekerkbybel.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=58&Itemid=66